**Skriflesing:** Psalm27
**Tema:** Ons lewenspad is nie gelyk nie.

Ek glo almal sal met my saamstem dat ons lewenspad nie altyd gelyk is nie. Daar is opdraende en afdraende, reguit stroke en draaie, gladde paaie en slaggate. Hierdie goed het verskillende name in verskillende mense se lewens.

**Dit gaan duidelik nie altyd maklik met Dawid in die tyd van Psalm 27 nie.**
Hy praat van misdadigers wat op hom afstorm om hom dood te maak, my teëstanders en my vyande en van 'n leër wat teen hom sou stelling inneem.
Hy sê ook dat selfs al sou die aanval op hom begin, sy vyande sal nie hulle sin kry nie. Dan praat hy weer van teëstanders wat vals getuies teenoor hom lewer en hulle blaas geweld teen hom aan.

So bestaan ons lewens ook nie net uit jubel en juig hoogtepunte nie. Daar is tye wat ons bang maak. Ons ervaar ook die realiteit van vyande en teëstanders. Ons beleef ook trane en seer. Ons het 'n klomp hoekom en waarom vrae sonder antwoorde.

Ons lewens is gevul met 'n goeie dosis van soet en suur en van lewe en dood. Dit is 'n realiteit dat ons lewenspad nie altyd gelyk is nie. Hoe hanteer ons die goed? Dawid help ons met so paar belangrike merkers.

**Ons moet onthou wie God is.**
Dawid bely: "Die Here is my lig en my redder. Die Here is my toevlug. Hy is my Beskermer. Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek en my hoog op 'n rots laat staan; Hy alleen is die God wat ons red. Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem."

Die wêreld van ons as gelowiges sal ook soms op sy kop gedraai word. Deur goeie en slegte ervarings staan een ding soos 'n paal bo water. God laat ons nie in die steek nie. God is by my, ook wanneer die lewe sy rugkant na my draai. Ten midde van onverklaarbare, onlogiese, onregverdige klappe van die lewe, is Hy hier by my, al lyk dit nie so nie.
Dit voel nie altyd so nie, maar Hy het al by ons doop belowe om elkeen van ons se God te wees en die God van ons nageslag.
Hy bevestig in sy Woord dat Hy Immanuel, God by ons is. In Jesaja 43 verseker Hy ons: "Ek het jou op Naam geroep, jy is myne." Ons sien dit by die kruis en proe dit by nagmaal.

**Praat met God, kla en huil by God oor swaarkry en twyfel.**
In Psalm 27 is daar 10 eerlike versoeke waarvan 5 positiewe versoeke is vir iets wat die Here moet doen en 5 negatiewe versoeke van dit wat die Here nie moet doen nie:
Positief

- luister na my
- wees my genadig
- verhoor my gebed
- leer my u wil, Here
- lei my op 'n gelyk pad

Negatief

- moet U tog nie van my verberg nie
- moet my nie wegstuur nie
- moet my nie verstoot nie
- moet my nie verlaat nie
- moet my nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie

Dit lyk selfs of Dawid dink dat die Here vir Hom kwaad is. Hy pleit; "Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red."

Daar gaan goed in ons lewens gebeur wat ons ontstel en bang maak. Dalk voel dit ook vir jou of die Here vir jou kwaad is. Hoe hanteer ons sulke tye?

Ek weet nie waar ons daaraan kom dat ons, veral in moeilike tye, altyd in 'n soetkind verhouding met die Here moet staan nie. Kla is ook gebed.
Martin May praat van 'n winter verhouding met die Here. 'n Eerlike en intieme geloofsverhouding met die Here is nie net 'n verhouding van lof en dank nie, maar ook een waarin daar plek is vir kla, huil en pleit.

**Leef 'n lewe van geloofsvertroue.**
Ware geloof is nie 'n versekering teen teëspoed en teleurstelling nie. Geloof is nie afhanklik van die verdwyn van alle gevaar nie, dit is nie 'n oplossing van alle probleme of 'n helder antwoord op alle gebede nie.
Geloof is in sy kern 'n onvoorwaardelike vertroue op God te midde van teëspoed en gevaar. Dit is 'n fokus op sy teenwoordigheid, beskerming en leiding.

En daar is altyd 'n nogtans element in geloof. Dit is om saam met Habakuk te bely dat, al is daar geen oes op die lande nie, geen druiwe aan die wingerd nie en geen vee in die kraal nie, nogtans sal hy jubel in die Here, sal hy juig in God sy Redder.
Dit is om in jou swaarkry en twyfel saam met Dawid te bely, my krag en sekerheid kom van die Here.
Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees?
Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees? Ek sal nie bang word nie.
Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê.

En ons sien in die laaste plek dat Dawid die stuurwiel van sy lewe aan die Here gee. Om die stuurwiel aan die Here te gee beteken vanuit Psalm 27 baie kortliks:
Saam met Dawid moet ons net een ding begeer en dit is is om die Here ons God te aanbid en te dien. Ons mag Hom met geen ander god of goed deel nie. Om naby aan Hom te leef, is baie beter as die gawes waarmee Hy ons seën.

Ons moet 'n loflied sing en loflewens leef. Saam met Dawid moet ons sing tot die eer van die Here terwyl ons neerkyk op die vyande rondom ons.

Ons weet ook dat ons nie hier is om gedien te word, ons is hier om die Here te dien.

En ons moet altyd streef om die wil van die Here uit die Bybel beter te leer ken, dan lei Hy ons op sy gelyk pad.

**En, as kinders van die Here, stap ons nooit ons lewenspad alleen nie.**

Ons het Goddelike verantwoordelikheid teenoor mekaar. Kom ons bou, help en roep mekaar op om te vertrou op die Here!
Komons spoor mekaar met oorgawe aan: “Vertrou op die Here!”
Ook in jou winter verhouding met die Here: “Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!”
Amen